

## **Moenie mense name noem wat xenofobiese aanvalle kan aanvuur nie**

### **Callixte Kavuro\***

'n [Video](#) waarin die minister van binnelandse sake, Aaron Motsoaledi, 'n skerp aanval op buitelanders loods, het in April 2022 soos 'n veldbrand op sosialemediaplatforms versprei. In die video word die minister gehoor dat hy sê Suid-Afrika is die enigste land ter wêreld wat “skelms” en “skurke” aanvaar. Sommige mag sê die minister was bloot net absoluut eerlik oor hoe hy, en dus ook die regering, oor immigrante of buitelanders uit Afrika (waarna daar as “onwettige buitelanders” of “ekonomiese migrante” verwys word) in die land voel.

Hy het verder gesê hy sal net van sy pos afstand doen wanneer hierdie mense (insluitende onwettige of ongedokumenteerde buitelanders) almal in hegtenis geneem, gevangenisstraf opgelê en die sleutels weggegooi is. Hierdie uitlating kan moontlik xenofobiese geweld teen onskuldige, arm buitelanders aanblaas, selfs al het die minister gesê hy sal nooit stilbly nie, ondanks xenofobiese opruiery.

Die minister se opmerking was egter onwaar. Suid-Afrika aanvaar nie skelms nie. En in die algemeen aanvaar dit ook nie hulpbehoewende of arm buitelanders nie.

Wanneer ons op 20 Junie [Wêreldvlugtelingdag](#) vier, moet ons ook in gedagte hou dat die kwessie van 'n groot aantal ongewenste buitelanders afhang van die staat se onvermoë om aan die een kant die reëls en beginsels van immigrasiewette en vlugtelingwette aan die ander kant toe te pas. Dit het ook aan die lig gekom dat onprofessionele en onpatriotiese immigrasiebeamptes hul eie belange bo nasionale belange stel wanneer hulle omkoopgeld aanvaar om die sogenaamde “skelms” in die land toe te laat.

Die minister moet aanvaar dat hy aan die hoof van 'n korrupte departement staan wat in sy pligte faal. Die departement se asielstelsel staar byvoorbeeld al vir meer as 'n dekade agterstande in die gesig weens onvoldoende materiaal en menslike hulpbronne. Dit het daartoe gelei dat die eise van [meer as 153 000 asielsoekers in die stelsel vasgehaak](#) het. Verder het die departement ook hierdie asielsoekers in onwettige buitelanders verander toe dit die Vlugtelingontvangskantore (VOK'e) in Port Elizabeth en Kaapstad in onderskeidelik 2011 en 2012 gesluit het; toe dit geweier het om aansoeke van vertraagde aansoekers te aanvaar; toe dit nie die permitte van daardie asielsoekers wat op die uitkoms van geregtelike hersiening gewag het, hernu het nie; of toe dit nie permitte aan diegene wat willekeurig aangehou is, wou heruitreik nie.

Ten slotte ...

Die departement moet homself daarvan weerhou om onredelike stappe te doen wat buitelanders burgers onwettige sal maak, soos byvoorbeeld die sluiting van die VOK'e, die verontagsaming van hofbevele, onnodige verdragings in verlenging van permitte en die terugtrek van sekere permitte sonder alternatiewe maatreëls.

Buitelanders se reg tot dokumentasie moet eerder gehandhaaf en gerespekteer word, want dokumentasie is die sleutel tot die bevegting van onwettigheid.

Ons weet politieke retoriek vuur xenofobie aan en mislei die bevolking om te glo dat die regering hard werk om sy oppergesag oor skelms te beskerm. Politici moet hulleself daarvan weerhou om verklarings te maak wat daartoe kan lei dat mense die reg in hul eie hande neem en dus onskuldige buitelanders wat toegelaat word om in die land te bly, seermaak.

Sinsnedes soos “neem buitelanders in hegtenis en stuur hulle tronk toe” en “gooi die sleutels weg” is nie net xenofobies nie, maar ook ’n simptoom van diktatorskap. Die voorskrifte van die oppergesag van die reg moet in alle sake wat moontlik die waardigheid van iemand kan aantast of daardie persoon van menslike behandeling kan ontnem, nagekom word. Om hulpbehoewende en arm buitelanders skelms te noem, is ’n belediging vir menswaardigheid wat die Grondwet wil beskerm.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

**\*Dr Callixte Kavuro is ’n postdoktorale navorsingsgenoot in die Departement Publiekreg aan die Universiteit Stellenbosch.**